CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXX VRYDAG, 21 MAART 1975 Nr. 4

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

# Intervarsity met Rau van die baan

Deur Jurg Prinsloo

**DIE voorgestelde intervarsity met Rau is van die baan. Wes-Transvaal speel daardie dag teen Verre-Noord en die eerste en tweede rugbyspanne van die Puk sal dus nie teen Rau speel nie. Die ander sportspanne sal heel waarskynlik nog teen Rau deelneem, word uit betroubare bronne verneem.**

Die Puk is reeds genooi om 'n reuse aandeel te hê aan die amptelike ingebruikneming van RAU se nuwe universiteitskompleks.

Die hoogtepunt van dié verrigtinge sal die rugbywedstryd die middag wees. Die sportowerhede op die Puk sien nie hul weg oop om op die dag teen die eerste span van RAU uit te draf nie, omdat daar na verwagting drie of vier van die Puk se eerstespanspelers in die Wes-Transvaalse span opgeneem sal word.

GEEN RUGBY

Sonder die rugby is daar dus geen sprake van 'n intervarsity nie en die Pukke wat uitgesien het na die kragmeting met die Raukies sal maar genoeë moet neem met die besluit van ons sportowerhede.

VIER PUKKE

Die wedstryd teen Verre-Noord is 'n vriendskaplike wedstryd. Daarby is dit nog 'n wegwedstryd ook. Die kanse dat meer as vier Puk-spelers vir Wes-Transvaal gaan speel is redelik skraal.

LEE BARNARD

**Voeg hierby dat die eerstespan van RAU hierdie jaar in die Transvaalse eersteliga speel, en spog met 'n aantal belowende spelers soos onder andere Lee Barnard, kan uitgesien word na 'n groot intervarsity.**

★ Vervolg op bladsy 2

## LAASTE SWEMKLAS



Die vierdejaar L.O.-studente het Dinsdagaand hul laaste swemklas van hul studieloopbaan gehad. Hier van links na regs verskyn: Martie Hattingh, Elmarie Beavon, Annatjie van der Walt, Seoozie Cloete, Edith Reinecke, Elsa Pienaar. Voor sit Sarah-Ann Steyn. (Foto: Kobus du Plessis.)

Die sêrkompetisie van vanjaar was van 'n baie hoë gehalte. Dit het al eintlik in 'n kunswedstryd ontwikkel. Hier sing Caput die eerste prys los. Caput het verdien om te wen omdat hulle deurgaans 'n professionele standaard gehandhaaf het. Over de Voor was tweede en verlede jaar se wenners, Klooster, derde. Daar was ook min te keur met die damesêrspanne. Feitlik elke koshuis het sang van hoogstaande gehalte gelewer. (Foto: Fotokuns.)



# Bekende Pukatleet sterf in botsing

Deur Johann van Zyl

**DIE Suid-Afrikaanse paaie het die afgelope week die lewe van nog 'n Pukstudent geëis.**

Mej. Cornelia Schoonbee, beter bekend as Cora, is noodlottig beseer in 'n motorongeluk wat verlede Maandagoggend sowat halfsewe naby Klerksdorp plaasgevind het. Saam met haar in die motor was vyf ander studente, waaronder mnr. H. J. Moolman, wat baie ernstige beserings opgedoen het.

Die motor waarmee hulle gereis het, het 'n stilstaande vragmotor van agter getref. Die vragmotor was langs die pad geparkeer.

ATLEET

Cora was 'n bekende Puk-atleet en was in die damespan ingesluit wat so goed op verlede jaar se Dalrymple presteer het. Sy het ook 'n junior Suid-Afrikaanse gewigstoottitel agter haar naam gehad.

Sy was die afgelope drie jaar 'n inwoner van Heide en haar koshuis is diep deur haar onverwagse dood getref.

# DIÉ JONG VERENIGING OP DREEF

CAREL DU PLESSIS

PLAASLIK — Die nuutgestigde Kommunikasie-vereniging kan Donderdagaand by die dam maar as die aand van aande in die annale van hulle kort geskiedenis — om presies te wees, twee weke — beskou.

STYWERIG

Terwyl vreemdes mekaar so onderlangs deurgekyk het, is daar geëet, kennisgemaak en gesels — eers maar stywerig, want om na twee jaar vir die eerste keer te ontdek dat die ou wat langs jou sit, nie Hans is nie, maar Piet, is nie 'n maklike sakie nie.

KLOOF

Mnr. Martin Becker van Ontwikkeling en die dosente het

★ Vervolg op bladsy 3

# Leiers is 'n blits

Van ons medewerker

**KORPS en S.A.B. het op 13 Maart 'n blitsleierskursus aangebied. Na die byeenkoms het 'n algemene wekroep van „herstel die kommunikasie" opgegaan.**

Daar is 'n kommunikasiegebrek tussen studenteleier en student, en hierdie gaping word deur gebrekkige menseverhoudinge en vaag omlynde opdragte veroorsaak.

'n Mens hoor dikwels die klagte dat daar 'n leierskliek op die Puk is; dat leiers hulleself van die massa isoleer en nie weet hoe om met die massa te kommunikeer nie. Dit gee aanleiding tot 'n onbetrokke pasiewe massa en 'n dikhoofdige leierskorps.

Mnre. Jacob Combrink en Roelf du Preez het as sprekers opgetree.

BULT-APTEEK
ONS KEN U BENODIGDHEDE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377
STUDENTE APTEEK
—WP

# DIE VROU SE PLEK IN DIE SAMELEWING

**DAT daar nou 'n spesiale jaar aan die vrou opgedra sou word! Dit laat my tog dink dat die mense êrens op die wêreld begin besef het hoe belangrik die vrou is en haar rol is — veral dan ook in die wêreld van vandag, het S.R.-lid Ineke Lindhout vroeër vandeesweek in 'n onderhoud aan die Wapad gesê.**

Die lewe stel vandag soveel eise aan die ganse menslike geslag en daarby is die vrou ook ingesluit. Waar die vrou in vroeëre tye slegs huisvrou en moeder was, is dit vandag heelwat anders. Sy ondergaan 'n volwaardige beroepsopleiding, staan dikwels volwaardig in 'n beroep, besit haar eie motor, neem deel aan sake van landsbelang, spreek haar mening uit en neem op verskeie plekke die leiding — en daarby is sy ook nog moeder en soms ook huisvrou.

Ons het 'n Helen Suzman in die parlement, 'n Leonora van den Heever as vroulike regter, Elizabeth Albrechts as nasionale presidente van die Suiderkruisfonds, Rykie van Reenen as assistent-redakteur van 'n landwye koerant, proff. Charlotte Searle, Erika Theron en vele ander vroue wat 'n toonaangewende rol in Suid-Afrika speel. En met reg ook, want die vrou is net soveel burger van die land as die man en die vrou deel net soveel in die kultuuropdrag van God as die man. Vir die vrou is dit wel anders getint — juis omdat sy vrou is, maar dát sy die opdrag ontvang het staan wel vas.

Die beskouing van die vrou in die loop van die geskiedenis dra baie tot die huidige opvatting van die taak en plek van die vrou by. Myns insiens, heeltemal ten onregte. Die manlike geslag kan in 'n groot mate verantwoordelik gehou word vir hierdie wanopvattings. Ek wil egter nie hier my agressie op die mans uithaal nie. Ek wil my na die vrouegeslag wend, dat ons as dames en veral da-




mestudente 'n slaggie voor die spieël gaan staan en die situasie in oënskou neem en kyk of die aantygings teen ons geslag werklik so ongegrond is.

KYK IN 'N SPIEEL

Kom ons kyk 'n slaggie na ons eie kampus en ons eie situasie. Die wanopvatting of onderwaardering van die vrou kom nie alleen van die manlike geslag nie. Talle vroue, by ons dan damestudente, verwelkom die situasie. As daar dan in die studentesamelewing waarin sy haar bevind nie verwag word dat sy enige konstruktiewe bydrae moet lewer nie, geen intelligente gesprek moet voer nie of liewer, nie moet dink nie, dan lewer sy ook maar geen bydrae nie, praat sy ook nie intelligent nie, dink sy ook nie...

Al staan die vrou dan bekend as die swakker geslag beteken dit geensins dat sy juis daarom nie eintlik 'n deel kan bydra en dat baie dinge vir haar op 'n skinkbord aangedra moet word nie.

Ons as damestudente het ook talente en gawes ontvang, is ook leiers, het ook werkvermoë (soms veel meer as 'n man), kan ook organiseer en redeneer — waarom dan die non-aktiwiteit? 'n Vrou hoef nie haar vroulikheid te verloor deur aktief in die studentesamelewing te wees nie. Dit is juis deur vrou te wees en aktief te wees dat ons die grootste trefkrag het.

JAAR VAN DIE VROU

Hierdie jaar van die vrou het nie slegs betrekking op hulle daar ver nie, nee! Vir ons is dit die jaar van die aster, van elke aster wat daar op dié kampus is. In elke vrou is daar 'n onuitblusbare vuur en begeerte om te dien. En elke aster op ons kampus het ook 'n roeping om te vervul.

Beide, man en vrou, is deur God geskape tot die uitbouing

★ Vervolg in Kol. 4



Hierdie blom het oor die kampus geloop toe ons fotograaf haar gesien het. Hy kon net nie anders as om sy kamera te kiek nie. Ek het onwillekeurig aan die volgende gedink: „We all have dreams. Some come true, while others become plays — never to be performed". (Fotograaf — Attie Gerber.)

★ Vervolg van Kol. 3

van die kultuuropdrag en elkeen moet dit op die tipies manlike of vroulike wyse doen.

Hoewel die vrou se vroulike identiteit en roeping haar dus dwing tot 'n eie gestaltegewing tot die beeld van God, nl. op tipies vroulike wyse, beperk dit nie die ruimte vir God se koninkryk waar sy juis op hierdie wyse besig mag wees nie. Die volle reikwydte van God se skepping is die terrein waar beide man en vrou geroepe is om God te dien.

Die wysheid waartoe ook die vrou geroepe is, is veel ruimer as slegs die wysheid m.b.t. die huishouding, ... dit is die wysheid om op „tipies vroulike wyse" mee te dink, mee te praat, mee te doen en mee te bid.

Die damestudent is ook geroepe om 'n aandeel te hê in, om betrokke te wees by en deel te neem aan alle studentesake, weliswaar op tipies vroulike wyse en onderworpe aan die voorbeeld van die man.

Hierdie is nie 'n oproep tot die „Woman's Lib" nie, maar wel 'n oproep aan elke dame om haar roeping te vervul, om te woeker met haar talente, om vrou te wees en te bly!

Want een van die wysgere het gesê:

*„The hand that rocks the cradle, rules the world."*

## Intervarsity . . .

★ Vervolg van bladsy 1

VOORREG

Die uitnodiging om op 17 Mei teen hulle deel te neem is op sigself reeds 'n groot voorreg, en baie Pukke dink dat hierdie kans nie deur die vingers geglip moet laat word nie.

Die afstand na Johannesburg bring verder mee dat meer Pukke deel sal hê aan hierdie intervarsity as wat die geval is met Kovsies.

# POLITIEK EN DIE VROU

**STUDENTEPOLITIEK wil ons hier in 'n enger sin sien. Die breër sin van studentepolitiek sluit in nasionale organisasies soos ASB en NUSAS. Ons wil dit beperk tot die georganiseerde studentelewe op die Puk.**

Die georganiseerde studentelewe kan ons weer in twee kategorieë verdeel. Aan die een kant die Studenteraad, waaronder die hoofliggame en hul onderskeie besture en verenigings resorteer. Aan die ander kant dan die koshuise en al hulle bedrywighede. Oor die koshuise sal daar nie hier uitgebrei word nie, aangesien dit vanselfsprekend is dat die dames in hulle onderskeie koshuise die leiding moet neem.

ROL VAN DIE DAME

Die vraag ontstaan of die dame 'n rol kan speel in die studente-politiek. Die antwoord is 'n duidelike en 'n besliste JA. Trouens elke Puk het 'n rol in die studentepolitiek. Dit gaan hier meer om 'n aktiewe rol.

Elke dame het 'n plig teenoor haarself om aktief deel te neem aan studentepolitiek. Dames, die vorming van u persoonlikheid beëindig nie as u op universiteit aankom nie. Die mensekennis, ervaring en uitbreiding van u persoonlikheid wat u op universiteit opdoen kan u nêrens in die wêreld in 'n boek oplees of instudeer nie.

DEELNAME IS BELANGRIK

Om deel te neem is baie maklik. Hoe ontstaan deelname? Deelname ontstaan beslis nie deur uself te beperk tot die vier mure van u kamer of die lokaal waar u klas draf nie. Op die Puk is daar baie verenigings, daar is beslis genoeg verenigings sodat op een of ander wyse u belangstellingsveld gedek kan word.

Woon die vergaderings by, maar wees 'n aktiewe lid. Neem deel aan die besprekings indien u dit bywoon. Laat die eeu oue gedagte dat 'n dame nie vir haarself kan dink en praat nie die ban gedoen word. Indien hierdie gedagte waar was sou u beslis nie op universiteit gewees het nie.

Deur sulke deelname kan u op 'n bestuur verkies word, want 'n bestuurslid is 'n persoon wat sy of haar plek kan volstaan. As u op een dien dan is u op die weg om op die hoogste raad van die studentepolitiek op ons kampus te kom. Dit is so omdat ons Studenteraad 'n belangebehartigende liggaam is.

Daarom dames ,steek die skaamgevoel weg, neem deel en wees aktiewe Puk-studente. Laat u brein vrugbare gedagtes weergee wat tot uitbreiding van die Puk en die belangrikste tot uitbreiding van uself kan dien.




CACHET MODES

EKSKLUSIEWE EN BYDERWETSE DAMESMODES

Pryse om elke sak te pas.

TOMSTRAAT 94

TEL. 5038

—WP



UITSLEEP



VIR AL U ETES BINNE SLEEPAFSTAND

EN VIR GESELLIGE VERKEER SAAM MET JOU MEISIE EN VRIENDE

—WP.



Klawerhof, wenners van die dames se sêrkompetisie, hier op pad na hul oorwinning. Die beoordelaars het 'n harde tyd gehad om die wenners aan te wys. (Foto: Fotokuns.)

# *Weg met die doedies asb.*

**GEAGTE REDAKTEUR, — Saam met talle Puk-mans wil ek my kop in skaamte laat sak vir die karnavaldoediekeurkomitee.**

**Agtergrond:** 'n Paar jaar gelede, het die behoefte ontstaan om karnavaldoedies te verkies wat as primêre taak of doel sou hê om eregaste en vermaaklikheidsterre by karnavalkonserte te ontvang en tuis te laat voel op die Puk. Verder sou die karnavaldoedies tydens karnaval rondbeweeg en uiteraard 'n simbool wees van karnaval met ander woorde van gesonde en gebalanseerde studentepret.

Daar sou nie soos wat die gebruik op ander universiteitkampusse is, een dame uitgesonder word as 'n joolkoningin nie. Dit sou tereg mensverheerliking wees en synde teen die eerste gebod (Ex. 20 :3, 4, 5,). Daarom is daar besluit om vier dames op grond van hul persoonlikhede en voorkoms te kies, sonder die uitsondering van 'n „spesiale" karnavaldoedie.

**Huidige verkiesingswyse:** Volgens die Wapad 14 deser, word twee dames per koshuis deur die onderskeie dameshuiskomiteelede „aangewys" om voor die karnavalkeurkomitee te verskyn, wat dan uit die groep vier karnavaldoedies kies op grond van (en ek haal aan) „interessanste persoonlikhede en mooiste gelaatstrekke". Die twee kritaria is dus (1) Persoonlikheid en (2) voorkoms.

**Griewe:** 1. Dit is veral die „mooiste gelaatstrekke" kriterium wat die mans en myself grief. Met apologie gesê is gekose 1975 karnavaldoedies nie die „mooiste" dames wat die Puk het nie.

2. Dorp, wat myns insiens die vrugbaarste teelaarde is vir die idee van karnavaldoedies is hoogs waarskynlik heeltemal uit die prentjie gelaat.

3. Die Wapad is nou wel net 'n Puk studente-nuusblad, maar elke ander universiteitskampus ontvang 'n eksemplaar van elke Wapad wat gepubliseer word en die lê ter insae in die SR-kantore van elke ander universiteit. Netso ontvang Puk ook alle ander universiteitskoerante, wat by ons SR-kantoor ter insae lê vir enige student.

**Aanbevelinge en slot:** 1. Verander die bestaande kiesstelsel van die karnavaldoedies. Die volgende word aan die hand gedoen: Stel 'n naamlys van aspirant karnavaldoedies op en hou 'n stemming in alle manskoshuise en dorp. (Ek noem spesifiek slegs mans — wie kan na alles met 'n beter oog objektief oordeel as dit by skoonheid van 'n dame kom, as slegs die man? Neem dan bv. 10 dames wat die meeste stemme op hul versamel het en kies dan, op grond van hul persoonlikhede en voorkoms vier karnavaldoedies.

2. Indien so 'n aanbeveling te veel ooreenstem met die wyse waarop joolkoninginne gekies word, en dus onaanvaarbaar vir die Puk is, doen asseblief weg met die idee van karnavaldoedies.

Frik Coetzee.

## Op dreef . . .

* Vervolg van bladsy 1

draaie om die vreemdheid gestap, en so teen tienuur het daar van die tradisionele kloof tussen dosent en student maar net 'n krakie oorgebly.

JAN BAARD

Toe die hele spul eers om die vuur begin groepie maak, en selfs Jan Baard se baritonstem doodgesing word, was die koëel deur kerk, en skielik het almal mekaar geken, en was die jarelange styfheid daarmee heen.


Elke dag is 'n besondere dag in 'n Rex Trueform-pak.

VERVAARDIG VAN 'BLUE CARNATION'

TREVIRA

EKSKLUSIEF BY REX TRUEFORM




PAN COETZEE

Mansuitrusters

Pan Coetzee


# Ons Studenteraad het nie 'n standpunt

Deur Jan Henning

**KARNAVALDOEDIES is 'n kompromis tussen teenstanders en voorstanders van skoonheidskoninginne. Die instelling van karnavaldoedies as ontvangsdames vir kunstenaars tydens karnaval het nog altyd vir my gelyk na 'n fyn stukkie strategie van die vorige studenteraad om die houding van die Universiteit ten opsigte van skoonheidskoninginne te omseil.**

Vandag, vier jaar nadat hierdie taktiese maneuver plaasgevind het, kan gesê word dat dié betrokke studenteraad se grootste sukses daarin geleë is dat hulle nie ander persone gebluf het nie, maar veel eerder hulself.

BESIN

In die lig van sekere tekortkominge wat die stelsel gedurende die afgelope vier jaar getoon het, dink ek dat dit nodig is om weer te besin oor die wenslikheid van karnavaldoedies vir die jaarlikse karnaval. Na vier jaar behoort die studenteraad seker nou in staat te wees om kalm en rustig oor die saak te besin en te besluit.

ARGUMENTE

Ek noem enkele argumente:

1. Die voorstel vir die verkiesing van karnavaldoedies het aanvanklik van 'n buitestaander gekom. Dié persoon wie se voorstel ons slaafs nagevolg het, was nie 'n Puk nie en kon nie die implikasies van so 'n stap besef nie.

2. Op aanbeveling van dié buitestaander het die studenteraad bepaal dat ander kwaliteite as slegs voorkoms 'n rol sal speel by die aanwys van die dames. Dra ons studentemassa en die publiek wat die Pukkie koop kennis van hierdie vereistes ?

ONS EN PUBLIEK

Ons kies karnavaldoedies wat vir ons ontvangsdames en vir die publiek skoonheidskoninginne is. Ons kies karnavaldoedies op grond van hul persoonlikhede en hul kennis van studente-aktiwiteite, terwyl die publiek dink dat hulle volgens dieselfde norme as joolkoninginne verkies word.

MOTIEF

Die universiteitsowerhede dink dat ons motief met die karnavaldoedies is om geselskap vir besoekende kunstenaars te verskaf, terwyl ons eintlike motief is iets soortgelyks aan ander universiteite se joolkoninginne is. Ons streef na 'n joolkoningin-ideaal wat ons nie kan verwesenlik, omdat die verkiesing nie op so 'n basis kan plaasvind nie.

TELEURGESTELD

Die resultaat van die wyse waarop die benoeming en keuring van die dames plaasvind, is dat van die gaafste dames op die kampus aangewys word, maar nie noodwendig die mooistes nie. Die teleurstelling is daarin geleë dat die meisies nie kan wees wat ons graag wil hê hulle moet wees nie. Die publiek word ook teleurgestel, omdat die Puk se skoonheidskoninginne volgens hulle nie aan die standaard wat deur ander universiteite gestel word, voldoen nie.

BILLIK

Is dit billik teenoor die dames wat verkies word? Hulle is die onskuldige slagoffers. Daar word nie gesê dat die studenteraad fouteer nie, maar dat die meisies te kort skiet.

Ek wil 'n beroep op die studente doen om nie hul kritiek teen die karnavaldoedies te rig nie, maar wel teen die studenteraad.

3. Selfs die pers en die SA UK onderskei moeilik tussen ons karnavaldoedies en joolkoninginne. Kom soek hulle nie dalk na „skoonhede" as hulle ons kampus besoek nie?

TEN DUURSTE

4. Die karnavalkomitee betaal ten duurste vir kunstenaars om

## reaksie

hier tydens karnaval op te tree. Is dit werklik nodig dat ons vir hulle onthalwe 'n hele prosedure moet volg om ontvangsdames te kies, klere vir hulle op karnavalrekening te koop en die dames dan aan almal se kritiek bloot te stel. Kan die huiskomitee van 'n dameskoshuis die werk nie net so goed verrig nie ?

MIDDEWEG

5. Die instelling van karnavaldoedies is 'n middeweg tussen geen karnavalkoningin en wel 'n karnavalkoningin. Dit is 'n standpuntlose instelling. Ek wil 'n beroep op die studenteraad doen om asseblief standpunt in te neem. Stel of die hele idee van karnavaldoedies af, of kies die meisies volgens die vereistes wat aan joolkoninginne gestel word. Dit gaan hier om 'n beginselsaak en by beginselsake is daar nie iets soos 'n middeweg nie.

KRITIEK

Die Puk kry baie kritiek wat teen ons standpunte gerig is,

* Vervolg op bladsy 4


**Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.**

„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".

ANDRÉ JOUBERT



**Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.**

1. **Studielenings:** Tot R3 000: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **MBA-studielenings:** Tot R3 000: vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R300: tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 000: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegraduerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TELEFOON 4241

—WP.

die WAPAD

## KARNAVALDOEDIES

Veels geluk aan die karnavaldoedies. Mag hulle die komende karnaval in hul glorie die Puk se naam baie hoog hou. Die Pukke weet hulle kan.

Onder die mans het daar nou 'n gebrom oor die keuse van die karnavaldoedies ontstaan. In die manskoshuise hoor mens baie snedige en lasterlike aanmerkings en as mens jou ore spits, hoor jy oor net soveel wanklanke in dié verband in die dameskoshuise.

Maar, Pukke, wie van ons sal en kan die eerste klip gooi? En na wie sal die eerste klippe gegooi word. Dit is so maklik om 'n stok te kry om dié meisies te belaster en seer te maak en iets soos naasteliefde te vergeet.

Die Wapad glo dat vanjaar se karnavaldoedies hul opgelegde taak met vlieënde vaandels sal slaag.

Die onsekere en gevaarlike vraag bly egter nog daar. Wat is die doel en take van die karnavaldoedies? Is dit ons antwoord op die joolkoninginne en -prinsesse van ander universiteite, of verteenwoordig die karnavaldoedies die Puk slegs as reklame-agente en skakelbeamptes tydens karnaval. As laasgenoemde die geval is, hoekom word hulle dan nie direk deur die Studenteraad aangewys nie? Hoekom moet daar nou juis 'n komitee wees om hulle te kies en hoekom moet skoonheid dan eingsins ter sprake gebring word.

As die karnavaldoedies egter op grond van persoonlikheid en mooiste gelaatstrekke gekies word, werk die huidige verkiesingsmetode in die algemeen nie so klopdisselboom nie, en dit is geen verwysing na die huidige karnavaldoedies nie.

Is daar nie 'n manier waarop die aandeel van die huiskomitee van die dameskoshuise heeltemal uitgeskakel kan word nie? Kan die karnavaldoedies ook nie meer demokraties en meer verteenwoordigend verkies word nie? Kan die gewone mansstudent se aandeel in die keuse nie 'n belangriker rol speel nie?

Hierdie is enkele vrae, maar die antwoorde sal moeilik, gevaarlik en baie betwisbaar wees. Ons sal bly wees as die studenteraad hierdie vrae openlik in die Wapad wil beantwoord.

Vanjaar se karnavaldoedies het ook ongesiens hul verskyning onder ons gemaak. Daar is nou nog honderde Pukke wat glad nie weet wie die vier asters is nie. Hoekom het die karnavaldoediekeurkomitee nie vooraf genoeg reklame in die Wapad gemaak nie?


Die Wapad wens nogtans die karnavaldoedies sterkte vir die komende karnaval toe en glo dat hulle ware ambassadeurs vir die Puk na buite sal wees.

## VAKANSIE

Aan al die Pukke wat met vakansie gaan en aan die verenigings wat gaan toer, net dit: Geniet dit.

Hierdie is ook die laaste Wapad van die eerste kwartaal. Pukke is welkom om artikels gedurende die vakansie te skryf en dit dan in die Wapad te laat plaas.

# Brosantwoorde 'n skande!




**EK wil vandag met kosyn en al die huis binne val en met elkeen die swaard opneem.**

Pukke, dit sluit ieder en 'n elk in. Julle is die slapste ruggraatlooste massa wat ek nog bymekaar gesien het. Wat gaan aan of het julle deel geword van 'n siek gemeenskap wat geen erg aan die dag lê nie?

Verstaan my mooi, ek is nie besig om rewolusionêre gedagtes by julle tuis te bring nie, maar wat te erg is, is te erg

MONDSTUK

Daar is by verskeie geleenthede 'n beroep op julle gedoen om die Wapad, jul eie kampuskoerant, as mondstuk te gebruik. Dan gaan daar nog roepstemme op dat die Wapad oor niks anders kan skryf as geboue wat gesloop word of persone wat links of regs van besture bedank nie.

LAKSHEID

Ek skryf hierdie laksheid toe aan algehele belangeloosheid. Die Wapad kan nie in jou behoeftes voorsien, my liewe vriend, as daar nie weldeurdagte bydraes gelewer word nie. Jy wat soveel kritiek het om uit te spreek, stel dit op skrif en ek gee jou die waarborg dat die redaksie dit graag sal plaas.

AANDAG GENIET

Hoeveel dinge gaan daar nie by julle verby wat werklik aandag behoort te geniet nie? Kan julle nie lees nie of is die drukwerk te klein om by die ontwikkelingspeil van 'n universiteitstudent aan te pas?

Wat my egter dwars in die krop steek, is die pas afgelope studentehandboekeksamen. Geeneen is volmaak nie, maar ek dink eerlik waar dat daar in hierdie tegnologies gevorderde samelewing van ons, geen verskoning gebied kan word vir die volgende nie.

FOUTE

Ek het persoonlik die memorandum onder oë gehad waarin daar nie minder nie as ses (6) foute voorgekom het nie. Dit het meegebring dat die memorandum eers nagesien moes word en daarna die antwoordstelle.

KERNGESOND

As dit die wyse is waarop werksaamhede verrig word, vra ek myself die vraag af of alles werklik kerngesond is in die kringe wat ons belange moet behartig.

Reflektor.

# IN U LIG

*Joh. 19 : 17 —*

*„En Hy het sy kruis gedra... na... Golgòta.*

*Die gelowige volg in die geloof en sien met die geloofsoog hoe sy Heiland en Saligmaker gevange in Getsemané geneem word, weggelei om geoordeel te word op Gabbata, en as die groot Kruis-draer op weg na Golgota.*

*Die kruis wat Hom neergedruk het op die weg, en die kruis waaraan Hy in liggaam en siel die borgvloek moes dra: ja, die kruis wat ons, veroordeeldes voor God, vry laat uitgaan op die weg van die lewe.*

# Johan antwoord kritiek

**GEAGTE REDAKTEUR, — Die kies van die karnavaldoedies lok elke jaar baie kritiek uit, baie daarvan geregverdig. Ek sal graag die posisie wil uiteensit soos hy tans daar uitsien.**

Elke dameskoshuis nomineer twee asters. By die aanvra van die nominasies word geen vereistes gestel nie. Alreeds hier word probleme ondervind met mense wat nie bereid is om genomineer te word nie.

Daarna word 'n onderhoud met elke kandidaat gevoer. Die keurkomitee, so is dit reglementêr vasgestel, bestaan uit 'n vasgestelde aantal lede van die dagbestuur van die Studenteraad, 'n dame, verteenwoordiger van die Pukke en van die karnavalkomitee.

Die volgende geld as kriteria vir die keuse:

Vrae aangaande verskillende sake word aan hulle gestel. Hier dra die antwoord op sigself nie soveel gewig nie, maar die wyse waarop gereageer word. Die vernaamste taak van die karnavaldoedies is dan om kunstenaars te ontvang.

Dit moet erken word dat daar gebreke in hierdie stelsel is. Die buitewêreld en baie Pukke verkeer onder die indruk dat die kriterium slegs skoonheid is. Dit is egter die beleid van die owerheid dat daar nie 'n karnavalkoningin op grond van skoonheid gekies mag word nie. Dit kom neer op mensverering en persoonlikheidsverering. Dit is dan ook die rede waarom ons optog nie vergesel mag word deur trompoppies — nie eers trompoppies van 'n ander universiteit — nie.

Die kies van die karnavaldoedies vind gevolglik plaas op grond van persoonlikheid. Aan hierdie doel, veral met die oog op die ontmoeting en ontvangs van kunstenaars en gaste, beantwoord ons huidige karnavaldoedies uitstekend.

Ek is oortuig daarvan dat hulle waardige gasvroue en ambassadeurs vir die Puk sal wees. Baie geluk en sterkte aan hulle.

Die probleem waarvoor ons te staan kom, is die wanindruk dat hulle op grond van skoonheid gekies word. Die oplossing is een van drie:

Die kies van karnavaldoedies op grond van skoonheid. Soos reeds aangetoon, sal hierdie uitweg nooit goedgekeur word nie.

Tweedens: Die heraanstelling van die keurkomitee. Miskien kan die karnavaldoedies deur die karnavalkomitee gekies word. Dié komitee skakel baie nou met die doedies.

Derdens: Die karnavalkomitee stel self mense op die komitee aan wat net soos die komiteelede met die kunstenaars belas is. Hulle word dan glad nie gekies nie, verskyn ook nie in die Pukkie nie en is slegs komiteelede wat help met die kunstenaars.

Laasgenoemde uitweg is miskien die mees praktiese, al is dit jammer dat dit so is. Alleen so sal die wanindrukke en kritiek beëindig kan word, want ons sal ons daarin moet berus dat op die Puk nooit karnavaldoedies suiwer op grond van skoonheid gekies sal word nie. Dit sal dan ook regverdiger wees teenoor die persone wat aangestel word — hulle taak is om as gasvroue op te tree waar persoonlikheid en voorkoms die kriteria is.

* Vervolg op bladsy 6

# Daai „tie"-knoop

**GEAGTE REDAKTEUR, — In sy vyfminutestuk „Wurg daai das?" redeneer Marais Venter dat as ons die vredesteken verwerp op grond van sy ongunstige simboliese geskiedenis, moet ons ewe goed die das ook verwerp, omdat die das ook in sy verlede 'n stukkie ongunstige seksuele simboliek gedra het.**

Hier is 'n paar vergissings:

1. Die vredesteken is in die eerste plek 'n **teken**, simbool, en dit is eers in die tweede plek vir minder ingeligtes 'n dekoratiewe ding. Die das is in die eerste plek dekoratiewe kledingstuk en dit word eers in die tweede instansie teken of simbool.

2. Die vredesteken het, onder verskillende name in verskillende tye, dwarsdeur die eeue teken gebly, met in al die bekende gevalle 'n ongunstige tekenwaarde, tot vandag toe. Dis das, daarenteen, het alleen by geleentheid, in sekere tye, 'n simboliese waarde gehad, in beperkte mate, en dit het gekom en gegaan, soos dit ook met talle ander dinge die geval was. Dink bv. aan sakdoeke.

Van tyd tot tyd, vir hierdie of daardie persoon, het die sakdoek, wat primêr nie 'n simbool is nie maar 'n gebruiksartikel, 'n simboliese waarde wat eroties is. Daarom neem party mans die meisie te sakdoek af (seker darem as die ding nog skoon is), en daarom bestaan daar die vryliedjie oor „die wit sakdoek se punt". As ons dasse moet verwerp op grond van die geleentheidsimboliek wat dit al gehad het, moet ons ook nie meer sakdoeke dra nie!

Ons moeilikheid lê nie by die das en die seksuele simboliek wat dit in beperkte mate by geleentheid gehad het nie. Ons moeilikheid lê by wat N. P. van Wyk Louw genoem het „daai ‚tie' knoop van ons gedagtes", wanneer ons in ons argumente dinge aanmekaar knoop wat tog nie bymekaar hoort nie, wanneer ons vir die bewyskrag van ons argumente van die os op die das spring.

Theo Cloete.

## Standpunt...

* Vervolg van bladsy 3

maar almal het nog altyd die Puk gerespekteer vir die feit dat ons 'n standpunt inneem en daarby hou, hoewel almal nie noodwendig met ons standpunt saamstem nie.

GEEN STANDPUNT

My kritiek teen die Studenteraad is nie gerig teen 'n standpunt wat hulle ingeneem het nie, maar juis teen die feit dat hulle geen standpunt inneem nie.

Ten slotte wil ek net aan die studenteraad die vraag stel of die skyn van skoonheidskoninginne wat ons karnavaldoedies na buite vertoon, billik is teenoor die universiteit wat op beginselgronde verkiesing van skoonheidskoninginne verwerp?

# George-reünie

SOWAT 27 Puk-asters wat burgeropleiding te George ondergaan het, het op Saterdag, 8 Maart, 'n reünie op die Dirkie Uys skietbaan gehou.

Die asters het ook weer met die R-1 en 9 mm. pistool geskiet. Drie asters, Amanda Venter, Wilma Heystek en Laurita Prinsloo het 'n skerpskuttertotaal behaal.


# WAPADREDAKSIE

**Hoofredakteur:** Attie Gerber (Liberalia, 2129)
**Assistent-redakteur:** Jan Habig (Thaba-Jäh, 2024)
**Nuusredakteurs:** Constant Smit, Johan Pieterse.
**Nuusredaktrise:**
**Nuusmedewerkers:** C. M. Moolman, M. M. le Roux (mej.), M. J. Fourie, Pieter Louw, Marliza Kunitz, Mietsie Buys. (Nog aansoeke word ingewag.)
**Hoofsubredakteur:** Dolf Els.
**Subredakteurs:** Nic Kruger, Dia van der Walt, Tony Sampson, Dalene Delport, Rita Diederichs, Monica Dollenberg, Erica Dollenberg, Salome Jacobs, Elsa Kruger.
**Aster-redaktrise:** Herzola de Beer (Vergeet-my-nie, 5211).
**Assistent:** Emily Robbertse (Oosterhof, 2039).
**Medewerkers:** Linda Jonker, Trix van der Lecq, Anneli Potgieter.
**Kunsredakteur:** Sam Basch (Liberalia, 2129).
**Kunsredaktrise:** Jelleke Wierenga (Karlien, 3214).
**Medewerkers:** Pennie Krog, Susan Kempff, Crystelle Smuts, Piet Kotze, André de Klerk, Liesel Meyer.
**Koshuisredaktrise:** Thelma Clegg (Karlien, 3214).
**Koshuisredakteur:** Neels Havenga.
**Medewerkers:** Susan Kruger, Maxie Jacobs, F. Roux (mej.).
**Sportredakteur:** Jan van Vuuren.
**Assistent:** Urban Badenhorst.
**Medewerkers:** (Aansoeke word ingewag).
**P.N.B.-redakteur:** Tiep van Schaik.
**A.B.K.K.-redakteur:** Vakant.
**K.V.V.-redakteur:** Ben Cloete.
**S.A.B.-redakteur:** Jan van Niekerk.
**S.S.B.-redakteur:** vakant.
**A.D.B.-redakteur:** vakant.
**A.O.B.-redakteur:** vakant.
**Skakelbeamptes:** M. J. Fourie, D. van Loggerenberg.
**Fotoredakteur:** Kobus du Plessis.
**Fotograwe:** (Aansoeke word ingewag).
**Sekretaresse:** vakant.



Thalia se bestuur vir 1975: Jan Baard Meyer, Cassie Kempff, Magda Botma, Frans Meyer en Gys Liebenberg. (Foto: Fotokuns.)

# KARNAVAL VANJAAR DIE ASTERS S'N

**„DIE jaar van die vrou". Dit is die tema van vanjaar se karnaval, het mnr. Johan Pretorius, voorsitter van die karnavalkomitee in 'n eksklusiewe onderhoud aan die Wapad gesê.**

Die klem sal ook op studentehumor, oorspronklikheid en goedkoop vermaak val.

Die jaarlikse marathonstryde begin op 28 April en maatreëls gaan ingestel word om belaglike wedywering uit te skakel. Minstens twee marathonne sal vanjaar op koshuisbasis geskied.

Volgens mnr. Pretorius word die jaarlikse Kaap-na-Rio op 29 April by Potch-dam gehou. Dié aand is daar 'n seweman rugbywedstryd wat op 'n koshuisuitklopbasis sal geskied. Twee Pukspanne gaan ook deelneem.

Op 30 April word die talent- en orkeskompetisie vir koshuise gehou.

Op 1 Mei speel die Puk se eerste rugbyspan teen die Puk se eerste netbalspan in 'n Intervarsity (netbal) en die mans gaan in rompe speel.

„Daar sal ook minikarnavalle in die koshuise tydens die Donderdagaand se vlotbou gehou word", het mnr. Pretorius gesê. Daar sal uitdunne gehou word en die finaliste sal Vrydag die eindstryde aandurf.

Vlotbou gaan ook vanjaar op die kampus op een sentrale plek plaasvind en dit word met 'n middernagtelike braaivleis afgesluit.

# AANDAG

**DIE WAPAD wil graag vanjaar volledige beriggewing doen oor al die sport op die Puk — veral oor die minder bekende sportsoorte.**

**Hiervoor het ons u samewerking nodig, want ons kan dit nie alleen behartig nie. Ons sal dit baie waardeer indien u vir ons u volle samewerking in die verband kan gee.**

**Indien ons elke Maandag — nie later as vyfuur — u klub se program van die komende week kan kry, sal die saak halfpad gewonne wees.**

**U kan alle inligting by bussie 15 by die S.R. kantoor pos. Indien u iets spesiaals of dringend wil plaas kan u dit by Hoffmanstraat 104 aflewer.**

**Baie dankie,**

**Jan van Vuuren.**

**Sportredakteur.**

# Kuesta: 'n fees op Tuks

OP 27 April 1975 arriveer studente in groot getalle by die kampus van die Universiteit van Pretoria om deel te hê aan die kuns en feeste van Kuesta '75.

Die program begin Maandag, 28 April, met die aanvang van die kursusse waarvan daar tien sportkursusse en 25 ander uiteenlopende kursusse vir mans en dames aangebied word.

Die vyf dae wat Kuesta duur, word elk in drie sessies verdeel. Daar word ook genoeg tyd vir georganiseerde ontspanning gelaat.

Maandagaand word 'n kaas en wyn gehou tesame met 'n fotografiese uitstalling. Dinsdagaand word 'n redenaars en sing-song-kompetisie gehou. Verder sal nog 'n gemengde (mans en dames) rugbywedstryd en 'n deftige dinee Donderdag- en Vrydagaand gehou word.

Feesgangers woon in universiteitskoshuise en vervoer van en na die kampus word vir studente gereël.

## H EN C SE BRUGSPEL

Deur Johan van Zyl

DIS Vrydagaand.

Ek ry ingedagte oor die nuwe treinbrug, op pad koshuis toe. My motor se veërs swiepswap heen en weer en keer elke nuwe reëndruppeltjie aan wat deur die voorruit opgevang word.

Skielik vang my oog die digte rookwolk wat onder die brug uitborrel en ek trek onmiddellik van die pad af.

Uiteindelik het die geleentheid hom voorgedoen om my heldedaad te verrig, maal dit opgewonde deur my gedagtes.

Heelwaarskynlik 'n trein wat ontspoor het. Of iets. Miskien kan ek help om 'n paar lewens te red, 'n bietjie noodhulp toepas of 'n brandende wrakstuk van 'n kermende verwyder. Die afwagting klop verlammend teen my slape.

Skielik: Musiek. 'n Gróót vuur. En mense. Mense wat lag en sing en die hongermaakgeur van braaivleis in my neusvleuels.

Nou wat nou? Heide en Caput wat feesvier onder die brug! Vergete al die reën en klam hout en modder.

Later word daar mal gegaan op Fanie du Toit. Sport en sports. En RYAN'S DAUGHTER wat in die eetsaal teen 'n klomp aanmekaargelapte lakens gewys word. Dan, na die eerste rol, word daar eers gerieflik weggelê aan die pap en wors en braai-artappels en…

Sjoe, dis mos studentelewe! Almal lyk so tevrede en dit lag en rumoer en dit léwe. En dan, aan die einde van die aand, vou daar so 'n vreemde heimweë om jou hart want jy weet dat nog iets moois verby is.

## WANDA SE POORTE OOP

MAURITZ MOOLMAN

SATERDAG, 22 Maart word die poorte van die Fort wyd oopgegooi vir mans-mens en donkie.

Dat die dames hulself goed voorberei is duidelik aan die versterkte ontbyt. Sjampanje ontbyt. Reg van toegang voorbehou, tot tienuur.

Die doel is om Wanda aan die res van Puk bekend te stel. Daar sal stalletjies wees met snoeperye en speletjies. Iewers, tussen die gedrang, sal 'n orkes musiek maak. 'n Paar studente in argitektuur en skone kunste sal die geheime van die fort ondersoek om die ondeurdringbaarheid daarvan te bepaal, of om seker te maak wie slaap op watter balkon (hulle doen dit glo).

Kerrie en rys word vir middagete aangebied.

Wanda sien ook af van hulle Wandas. Die tradisionele orgidee word tydens 'n vlaghysingseremonie met 'n kameel vervang.

Die hoogtepunt van die dag is die donkiedraf. Die H.K. van elke koshuis word verteenwoordig, elk met sy eie donkie. Die donkies begin drie-uur draf. Die verrigtinge word om vyfuur afgesluit wanneer die Ampie wisseltrofee aan die wenner oorhandig word, en 'n wortel aan die donkie.

In die land van die donkie is kameel koning? Hulle wil nie sê nie.


## UITDAAG-STRYD

Pieter Aldersberg, Springbokskaakspeler wat Suid-Afrika verlede jaar tydens die Skaakolimpiade in Nice verteenwoordig het, speel Saterdagmiddag in 'n uitdaagwedstryd teen al die skaakspelers van Potchefstroom en omgewing.

Die spelers sal gelyktydig teen hom speel. Dié wedstryd word om 02h00 in die Dierkundelaboratorium gespeel.


**Hewlett-Packard stel 'n kleiner ontoegeeflike rekenmasjien bekend: die HP-21 Wetenskaplik.**





**Die prys is ook kleiner. R123***

Ons nuwe HP-21 handhaaf die HP-tradisie van hoogstaande gehalte, ontwerp en konstruksie. Hier volg die besonderhede.

**Groter vermoë, kleiner grootte.** Die HP-21 verrig alle log. en trig. funksies, laasgenoemde in radiale of grade. Dis ons enigste rekenmasjien, behalwe die HP-45 wat u in staat stel om:

- polêre na reghoekige koördinate te herlei en omgekeerd;
- rekenkundige berekenings te doen tot die volle vermoë van sy register;
- 'n gewone antilogaritme te bereken deur 'n enkele toets te druk.

Die HP-21 verrig al die basiese vorms van datamanipulasie en voltooi alle vooraf geprogrammeerde funksies in 'n sekonde of minder.

**Volle vertoonformaat.** Die vertoontoets (DSP) stel u in staat om te kies, tussen vastedesimaal- en wetenskaplike notasie en om die aantal plekke wat vertoon word te beheer.

As 'n getal te groot of te klein is vir vastedesimaalaanwysing dan skakel die HP-21 outomaties oor na wetenskaplike notasie met 'n dinamiese strek van $10^{99}$ tot $10^{-99}$. Indien u hom 'n onmoontlike opdrag gee, sal die vertoontoets die woord E-r-r-o-r (fout) aandui.

**Stapel-omgekeerde-Poolse-notasie-logikastelsel (RPN).** Kyk wat hierdie unieke logikastelsel vir u beteken:

- u kan enige uitdrukking evalueer sonder om hakies aan te bring, sonder om oor hiërargieë of vooraf strukturering te bekommer
- u kan alle probleme op een manier oplos – die manier wat u geleer het in beginnersalgebra;
- u sien alle tussenantwoorde;
- u kan maklik teruggaan indien u fouteer;
- u kan getalle weer gebruik sonder om hulle weer aan te teken.

**HP-gehaltevakmanskap.** Hierdie is een rede waarom Nobelpryswenners, ruimtemanne en meer as 700 000 ander professionele manne HP-rekenmasjiene besit.

**Laat u probleem 'n uitdaging wees vir ons nuwe HP-21. Voltooi en pos hierdie koepon of skakel HP direk.** *Doen navraag oor afslag vir studente.

HEWLETT hp PACKARD

Verkope en diens deur 172 kantore in 65 lande.

Johannesburg:
1e Verdieping Milnerton,
De Beerstraat 30,
Braamfontein, Tel. 725-2030.

Ook in: Kaapstad, Port Elizabeth, Durban.

Aan Hewlett-Packard S.A. (Edms) Bpk.,
Posbus 31716, Braamfontein, 2017.

Stuur my asseblief nadere besonderhede:

Naam ____________

Adres ____________

____________ Tel ____________



Die Studentischer Madrigalchör van Münster, Wes-Duitsland, waar hulle vir die radio opgetree het in 'n ou Wesfaalse Barok-kasteel. Die studentekoor het hierdie week op die Puk aangekom en sal volgende week hier optree.

# *Anna Neethling-Pohl*

Deur Henk Wijbenga

**ANNA NEETHLING-POHL, veteraan van die Afrikaanse verhoog, besoek Potchefstroom vanjaar as gas van die departement Spraakleer en Drama.**

Verlede jaar kon teatergangers haar sien in Suiderland en Suiderkruis, 'n vertolkingsprogram wat landwyd die hoogste lof ontvang het.

Vanjaar is sy op die toneelverhoog te sien in onder meer Die Glasdeur van Henriëtte Grové. Die Glasdeur word van 14 tot 27 Junie 1975 in die P.U. Kamertoneel opgevoer.

Sy sal ook optree as adviseur vir Peet van Rensburg met die regie van Hendrik Ibsen se Poppehuis.

Die bekende Griekse regisseur Costas Michaelides' het mej. Pohl by geleentheid beskryf as „. . . 'n speelster met integriteit wat elke rol met waardigheid en begrip benader en lewe gee."

Hierdie stelling van 'n wêreldbekende regisseur kan dien as 'n voorspelling van haar vertolking in Die Glasdeur.

Mej. Pohl het onlangs 'n boek oor haar lewe voltooi met die treffende titel Dankbaar die uwe. Ná die lees van hierdie boek voel 'n mens besonder bevoorreg vir die geleentheid om so 'n groot teaterpersoonlikheid hier te sien optree.

## George Boys

GEORGE BOYS, die nou baie bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar het Dinsdagaand 18 Maart begin uitstal in die uitstallokaal van die Frans du Toit-gebou. Die uitstalling bestaan hoofsaaklik uit skilderye en grafiese kunswerke. Die uitstalling duur tot die einde van die eerste kwartaal.

George Boys het pas van Europa teruggekeer, waar hy met groot welslae uitgestal het. Sy werk is in dié sin abstrak dat hy nie die resultaat van die visuele werklikheid weergee nie, maar juis daardie prosesse in werking wat uitloop op die resultaat van die werklikheid. Hierin lê dan ook die krag van die werk van George Boys.


**BLUE STORE**

Het verhuis na Indiër-sakesentrum winkel nr. 56 Geleë in Petersonstraat, pad na Primosa, regoor Triomf.

BESTE DIENS VIR STUDENTE

20% korting vir kontant — spesiaal vir studente

KOM BESIGTIG ONS GROOT VERSKEIDENHEID KWALITEIT-PRODUKTE

**Tel. 5279**

—WP.

**KOOP-'N-LOOP PADKAFEE**

GEKOOKTE KOS — SPESIAAL VOORBEREI DEUR 'N BOERETANNIE

Ons aantreklike spyskaart bied u aan 'n daaglikse gebalanseerde maaltyd bestaande uit 3 groentes, slaaie, vleis en melk/koffie vir slegs 75c.

OF

VYFTIEN MAALTYDKOEPONS TEEN R10,00

BAIE SITPLEK

—WP


## FLIEK VIR AFRIKA

**SO kort voor die vakansie bied Cinepuk vir ons 'n hele rits flieks kort na mekaar. Dit sal ook so 'n verskeidenheid wees dat ons sal weet ons sluit die kwartaal op 'n hoë noot af.**

Ná die heerlike riller Play Misty for Me vanaand, sal Joe Kidd, 'n Western met Clint Eastwood in die hoofrol, môreaand wys. Ons ken almal seker die verhaal van Cromwell. Dit word Maandagaand vertoon.

CROMWELL

Richard Harris speel die titelrol in Cromwell, en Alec Guinness speel die rol van Koning Charles I van Engeland. Die verhaal kom daarop neer dat Cromwell, Purityn en lid van die Parlement ongelukkig voel oor die toestande in sy land, terugkeer na die Parlement en besluit om die koning te beveg wat hom nie steur aan reg en geregtigheid nie.

Die konfrontasie tussen Cromwell en die koning loop uit op twee oorloë en in die eerste oorlog verloor Cromwell, maar gaan terug en lei 'n leër op om teen die koning te veg.

## Antwoord . . .

★ Vervolg van bladsy 4

Laasgenoemde uitweg, om weg te doen met die Karnavaldoedies, is baie drasties, maar dit is 'n baie realistiese uitweg.

Ons moet nie ten koste van ons aansien en persone se gevoelens voorgee om skoonheidskoninginne te kies wat in werklikheid nie die kriterium is nie en ook nooit op die Puk sal wees nie.

Johan Pretorius,
Karnavalvoorsitter.






# *ALABAMA TOER EN NUWE PLAAT*

**DIE Alabama-keuring is iets wat aan die verlede behoort en 1975 se 48 Alabamalede is hard aan die werk. Hulle wil aan die mense in Rhodesië gaan wys hoe studente 'n ding doen.**

'n Baie suksesvolle skakeltoer is in Januarie deur Alabama se voorsitter Peet Ryke en ander lede van die bestuur na Rhodesië onderneem.

Hierdeur is baie probleme wat op toer sou opduik uitgeskakel. Op 'n paar plekke was die sale wat aan Alabama verskaf is heeltemal ontoereikend en moes daar haastig na 'n ander saal gesoek word.

Die persoonlike kontak met die organiseerders op elke dorp het goeie gevolge gehad. Op Bulawayo en Gwelo is toneelopvoerings se datums vervroeg om plek te maak vir Alabama.

Alabama is ook bekendgestel deur middel van programme van vorige jare, resensies en plate. Die mense was beïndruk met die feit dat Alabama voor die tyd persoonlike kontak bewerkstellig het.

Die koor is vanjaar aansienlik vergroot van 20 lede na 28 wat die program baie meer aanskoulik sal maak. Die orkes wat uit tien lede bestaan, sit vanjaar weer voor die verhoog soos dit in 1970 was.

Die eerste helfte van die program sal hoofsaaklik bestaan uit bekende Afrikaanse liedjies wat op tipiese moderne Alabama-styl verwerk is.


'n Groot verrassing wag op die liefhebbers van musiekblyspele. Die hele tweede helfte word gevul met trefferliedjies uit blyspele soos Oliver, The Music Man, See-saw en ook die baie gewilde musiek van Jaques Brel.

Die dekor, kostuums en beligting sal trou aan die Alabama tradisie, heelwat vir die oog bied.

In Rhodesië sal Alabama vir 'n halfuur lank op die Rhodesiese beeldradio in 'n spesiale program optree. Die program word in Salisbury opgeneem sodra Alabama in Rhodesië aankom.

Die toerprogram is as volg: Op 27 en 28 Junie Brakpan, 30 Junie Nelspruit, 1 Julie Lydenburg, 3 en 4 Julie Pietersburg, 5 Julie Louis Trichardt, 8 Julie Umtali, 9 en 10 Julie Fort Victoria, 12 en 14 Julie opelug opvoerings by die Victoria Waterval, 16 Julie Bulawayo (twee opvoerings), 17 en 18 Julie Gwelo en 19 Julie Salisbury. Op 20 Julie keer die groep met 'n vliegtuig van die S.A. Lugdiens terug.

Die opvoerings ná die Julie vakansie is 24 tot 26 Julie Vanderbijlpark, 4 tot 9 Augustus Potchefstroom, 21 tot 23 Augustus Klerksdorp, en vyf aande in die Stadskouburg in Johannesburg van 26 tot 30 Augustus. Vroeg in September sal Alabama hulle nuwe langspeelplaat maak.




## Play Misty for Me

J. L. Wierenga

**DIEGENE wat kandidate vir senu-inrigtings is, moet liefs 'n versterkdingetjie saamneem na die fliek „Play Misty for Me".**

Dave Garland (Clint Eastwood), die gewilde platejoggie, word gereeld gebel deur 'n meisie wat met 'n strelende stem die plaat „Misty" aanvra.

Diè meisie, Evelyn Draper (Jessica Walter), reël 'n toevallige ontmoeting tussen haar en die omroeper-held. Om in studente-idioom verder te gaan: Hy val toe voor haar sjarme, maar toe die aantreklike Tobie Williams (Donna Mills) weer op die toneel verskyn, besef hy waar sy groot liefde lê.

Evelyn is nie baie gelukkig oor die verloop van sake nie en kry so nou en dan 'n paranoïese uitbarsting. Wanneer sy bel om verskoning te maak, plak Dave die telefoon in haar oor neer. Evelyn is nie 'n meisie wat sulke dinge gelate aanvaar nie en sy sny haar polse in sy woonplek af. Ongelukkig vir Dave en Tobie doen sy die ding nie ordentlik nie en sy word in 'n inrigting opgeneem.

Ná haar ontslag bel Evelyn weer vir Dave met die versoek dat hy „Misty" vir „old time's sake" moet speel. Hy doen dit. Diè aand word hy wakker van sy bandopname wat „Misty" speel en hy ontglip die besete Evelyn se skerp mes net-net.

Die volgende aand is Dave baie ongerus oor Tobie se veiligheid en hy bel haar. Net voordat hy aflui, vertel sy dat haar nuwe woonstelmaat, Annabelle, sopas binnegestap het.

Dave onthou skielik dat Evelyn 'n reël uit Poe se gedig „Annabelle Lee" aangehaal het toe sy hom gebel het. Die nuwe kamermaat, Annabelle, is dus niemand anders as Evelyn nie! In aller yl jaag hy na Tobie se woonplek.

Daar gekom, vind hy sersant McCallum, die polisieman wat 'n ogie oor Tobie sou hou, dood met 'n sker in sy bors. Die arme histeriese Tobie het op die oog af ook al 'n steek of twee weg. Dan volg die grilligste kat-en-muis-speletjie denkbaar tussen Dave en die kranksinnige Evelyn in die pikdonker.

## CINEPUK

Vry. 21 Maart Play Misty for Me
Sat. 22 Maart Joe Kidd
Maan. 24 Maart Cromwell
Dins. 25 Maart People Next Door.

Die Wapad sal ná die vakansie Cinepuk se program vir die nuwe kwartaal plaas.



Clint Eastwood en Donna Mills soos hulle verskyn in Cinepuk se rolprent Play Misty for Me.


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

Tomstraat 86 — Tel. 5236 — Potchefstroom

—WP

# „PIERINGS" NIE SPOOKSTORIES

**BESPIEGELINGS is al baie gebruik om mense bewus te maak dat lewe elders in die hemelruim moet bestaan. Die bespiegelings is egter besig om as feite uit te kristalliseer.**

Sal jy die bestaan van 'n buurman ontken as hy jou reeds besoek het? Maar sal jy hom kwalik neem as hy jou verlede ken, hoe jy met jou eie mense oorlog maak en van nature vyandig is?

### PADDASTOEL

Sedert die eerste mensgemaakte paddastoel in Japan opgekom het, het die mensdom sy eerste tree begin gee na jare van voortsukkel. Juis dié tyd het verskynsels dwarsoor die aarde voorgekom. Onbekende vlieënde voorwerpe.

Kort na die beëindiging van die laaste wêreldoorlog kom die eerste verslae in dié verband uit Swede, Noorweë en Frankryk. Op 24 Junie sien Kenneth Arnold oor die berge naby Washington nege voorwerpe teen 'n verbysterende snelheid beweeg. Hy rapporteer by die Yakima lughawe en beskryf die voorwerpe as „pieringvormig".

### NUUSBLAAIE

Die nuusblaaie skep die benaming „vlieënde piering" en laat talle fotograwe daarna pierings en lampskerms afneem om die werklikheid te skaad. Die feit is dat 'n groot persentasie onbekende voorwerpe nie dié spesifieke vorm het nie.

Die daaropvolgende jare neem die waarneming van hierdie verskynsels toe en wel sodanig dat die Amerikaanse lugmag 'n selfstandige departement stig om die gebeure te ondersoek. Daar is tot die stap oorgegaan nadat vlieëniers op groot hoogtes ook kennis gemaak het met die verskynsels. Agtervolgings het altyd in 'n ramp geëindig waarskynlik omdat vlieëniers hulle vliegtuie ooreis het.

### VERSLAG

Nadat 'n kaptein Mortell van die Kentucky lugmagbasis verongeluk het is die volgende amptelike verslag vrygestel: „Die vreemdelinge het opgemerk dat ons nou atoombomme, vinnige vliegtuie en vuurpyle het. In die lig van die geskiedenis van die mensdom is hulle dus gewaarsku. Ons kan dus op die stadium sulke besoeke verwag."

### SPOKE

Aangesien die mens van toentertyd spoke sien, sal hulle seker vandag ook spoke in vlieënde pierings sien rondry. Dit blyk dan ook uit verslae soos in 1965 gepubliseer. Van die 887 waarnemings was 27% van astronomiese oorsprong m.a.w. meteoriete ens.; 23% was vliegtuie, 4% ballonne, 17% satelliete, 27% spoke maar 2% was werklike onbekende vlieënde voorwerpe.

### OMMEKEER


Nadat die Amerikaanse lugmag talle ondersoeke na die voorwerpe gelas het en dit nog steeds doen, het hulle skielik tot 'n ommekeer gekom. Elke berig in die verband is summier in die kiem gesmoor waar dit ookal in die V.S.A. voorgekom het. So is 88 mense wysgemaak dat hulle weerballonne gesien het. Weerballonne wat van kleur verander, elektriese ligte uitdoof, motors laat staan en op die grond rondhang. Dit is algemeen bekend dat weerballonne tot 30000 meter styg nadat hulle gelos is.

Die rede vir die optrede is heelwaarskynlik dat die militariste besef wat die werklikheid is. Soos wat sekere besluite nie aan die publiek bekendgemaak word uit vrees vir chaos nie, net so word feite hier verdoesel.

Dit is nou tyd dat die mense moet besef dat besoekers in onbekende rytuie nie meer slaaptydstories is nie, maar behoort tot 'n wêreld veel groter as 'n son met 9 planete.

# AANDAG...

BESEMBOS '74 en Sakboekies '75 by die S.R.-kantoor teen R1,00 elk beskikbaar. Ook baie aandenkings.



Florna toer die vakansie weer Drakensberge toe. Hier swem 'n paar van die toerlede wat 'n klinkklare bewys is dat dit nie net bloed, sweet en klim gaan wees nie.

# DRAKENSBERG ROEP

**FLORNA gaan weer dié vakansie Drakensberge toe en 40 Pukke staan 'n gelyke kans om die toer teen R22 mee te maak, het mnr. Peet de Jager, voorsitter van Florna, vroeër vandeesweek in 'n onderhoud aan Die Wapad gesê.**

Die toer sal D.V. vanaf 26 Maart tot 2 April duur. 'n Vaste kamp sal by Champagne Castle opgeslaan word en daarvandaan sal besigtigingstoere die berge in onderneem word.

### TOEROUERS

Met die ter perse gaan van Die Wapad het die bestuur nog probleme ondervind om geskikte toerouers in die hande te kry. Die gewoonteprobleem, vervoer, is ook nou opgelos nadat 'n luukse bus gehuur is.

### KOSMA

Die kosma is Hettie Hattingh, 'n huiskomiteelid van Oosterhof. Mnr. Peet de Jager, 'n huiskomiteelid van Liberalia, is die toerleier.

Die Florna-bestuur het gevra dat die gelukkige Flornariete hul musiekinstrumente moet saambring.

Florna se eweknie, Montium, gaan ook 'n staptoer in die Drakensberge onderneem.


# SOLLY SE WINKEL

## SHOP NO. 5

**COMPLETE BABY OUTFITTERS**

for

**Black Label S.A.B.S.**

**SUPER GLODINA**

**NAPKINS**

**R8,49**

**dozen**

150 cm Crimp — meter ...... ...... ...... **99c**

150 cm Cashnilon — meter ...... ...... **99c**

48" Imported Floral Terelene Curtaining — meter ...... **99c**

45" Quality Floral Crepe, meter **99c**

For many other bargains come to Solly for Quality & Value.

—WP

